



Saam, verbind tot meer  
as dieregesondheid!

## **Coglavax®**

Reg. Nr. G3684 (Wet 36/1947)

Namibië: V06/24.4/180 (Wet 13/2003)

Zambië: 346/717V (Wet 3/2013)

### **Eienskappe van die produk:**

Klostridiale entstof met die volgende toksioiede:

- Alfa (Bloedderm in skape en rooiderm in beeste),
- Beta (Bloedpens in lammers),
- Epsilon (Bloednier in skape),
- *C. novyi* tipe B (Vals Sponssiekte, Harslag Sponssiekte),
- *C. septicum* (Baarmoeder Sponssiekte, Kwaadaardige Edeem en Gasgangreen)
- *C. Tetani* (klem-in-die-kaak/Tetanus)
- *C. Chauvoei* (Klassieke sponssiekete in beeste en skape)

### **Voordele van die produk:**

Verlaag effektief verliese a.g.v. oorgroei en gevolglike toksien produksie van alomteenwoordige belangrikste klostridium bakterië in o.a.:

- Vinnige groeiende vee met 'n hoë droë materiaal inname,
- In verse, koeie en ooie na geboorte,
- Tydens geil weidingsinname,
- Wisselende voedingsinname in suiwelvolvoersisteme en in voerkrale,
- In wonde (bv. skeer, baarmoeder na kalwing, stertknip, kastrasie tande wissel in jongvee),
- Gedurende tye waar aanvullende voeding onvermeidelik is soos bv. gevalle van erge droogte en ook gedurende sekere stadiums van die produksie siklus.

Laer risiko van inspuitlek weefsel skade as gevolg van die adjuvant.

- Adjuvant = Aluminium hidroksied as  $Al(OH)_3$

Adjuvante dien die volgende doel:

- Bring the antigeen—die stof wat die spesifieke beskermende immuun reaksie stimuleer—in kontak met die immuun sisteem en beïnvloed die tipe immuniteit wat geproduseer word, en bepaal ook die kwaliteit van die immuun reaksie (omvang en duur);
- Verlaag die toksisiteit van sekere antigene; en
- Voorsien oplosbaarheid aan sommige entstof komponente.

Bevat antigene in voldoende hoeveelheid om die volgende vlakke van teenliggaampies in die ge-ente dier te stimuleer:

- *Cl. perfringens*
  - Tipe A – Alfa toksoied 2 IU/mL
  - Tipe B & C – Beta toksoied 10 IU/mL
  - Tipe D – Epsilon toksoied 5 IU/mL
- *Cl. septicum* toksoied 2,5 IU/mL
- *Cl. novyi* type B toksoied 3,5 IU/mL
- *Cl. tetani* toksoied 2,5 IU/ml
- *Cl. chauvoei* toksoied 100% beskerming

### **Aanwysings / Indikasies:**

Onderhuidse dosis.

Dosis vir beeste >100 kg liggaamsmassa is 4 mL en

2 mL vir skape en beeste ligter as 100 kg liggamsmassa.

Toediening op die vroegste vanaf 4 maande, en 4 weke ouderdom, vir kalwers en lammers onderskeidelik.

Moet opgevolg word deur 'n 2de enting (skraag dosis) 4 - 6 weke later in vee wat vir die eerste keer ingeënt word.

Daarna jaarliks- ideaal by afdroog in suiwelkoeie en kort voor of na speen in vleisbeeste; 4 - 6 weke voor aanvangs van lamtyd by skape.

### **Verpakking:**

100 mL (50 skaap dosisse, 25 bees dosisse)

500 mL (250 skaap dosisse, 125 bees dosisse)

### **Onttrekkings periode:**

Vleis: 21 dae